eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2017

# ONTWERP V1 (TEORIE) NASIENRIGLYN

**PUNTE:** 100

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 39 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: ONTWERPLITERATUUR

- **Verstaan ontwerpteorie en gebruik ontwerpterminologie korrek.**
- **Die erkenning van die kenmerke van elke beweging in al vier kategorieë van ontwerp.**
- **Verstaan en interpreteer tekens, simbole, stereotipering, partydigheid en vooroordeel in 'n ontwerp.**

## VRAAG 1: 'ONGESIENDE' ONTWERPE OM VISUELE GELETTERDHEID TE TOETS

1.1 1.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

- Die produk gesien in FIGUUR A is gepas vir die toeriste mark omdat die nasionale blom van Suid-Afrika, die Protea, gesien kan word op die armband. Oorsese besoekers sal met graagte 'n produk koop wat 'n nasionale simbool van die land uitbeeld wat hulle besoek. ✓
- Enige vrou in Suid-Afrika wat nasionale trots voel en waardering vir die flora van ons land het, sal trots wees om so 'n pragtige modebykomstigheid te dra, soos gesien in FIGUUR A. FIGUUR A vertoon die Proteablom, Suid-Afrika se nasionale blom. ✓ (2)

1.1.2 **(Ken 8 punte toe)**

**Vorm** (element):

- Die beeld in FIGUUR A maak gebruik van 'n plat, gestileerde, organiese vorm van 'n Proteablom. Die verskillende grotes van die blomme en blare bring 'n verskeidenheid aan die ontwerp. ✓
- Die beeld van die Protea is plat en 2-dimensioneel. Die beeld van die protea is gegraveer op perspeks in die vorm van 'n 3-dimensionele armband met die doel om rondom die arm van die draer te
- beweeg. ✓

**Balans** (beginsel):

- Balans verwys na die visuele gewig van die ontwerp. Die armband in FIGUUR A wys asimmetriese balans en daar is kontras in die grootte van die gegraveerde Proteablom. Die een kant van die armband vertoon die groot Proteablom teenoor die ander kant van die armband wat die blare en blom vertoon. Eenheid en harmonie word gevorm met die verskeidenheid en die visuele gebalanseerde beelde van die blom en blomblare. ✓

**Beweging/ritme** (beginsel):

- Ritme word deur die herhaling en die sagte vloei van die Proteablom en -blare in die ontwerp geskep. ✓
- Geïmpliseerde beweging word in die beeld vasgevang. 'n Ritmiese beweging word geskep deur die Proteablom en blare wat almal deurlopend en harmonieus in dieselfde rigting wys. ✓
- Ritme word geskep deur die herhaling van die soortgelyke beelde bv. die Proteablom en -blare wat die vorm aan die armband gee. Die beelde en hul beweging lok belangstelling en verskeidenheid in die ontwerp. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Fokuspunt/klem** (beginsel):

- Die fokus/klem van die armband is die Proteablom en blare. 'n Sterk treffende kontras word geskep tussen die goue lineêre beeld van die Protea teenoor die deursigtige perspeks van die armband. ✓
- Die fokus/klem kan ook sterk gesien word in kontoerlyne van die armband wat deur Proteablare die buitenste rand van armband beklemtoon. Die kontoerlyne skep ook 'n treffende kontras met die baie plat perspeksmateriaal wat gebruik word om die armband te skep. ✓
- Die fokus/klem op die armband is die Proteablom. Dit is groter en meer dominant en van die blomme en blare het ook 'n heel ander vorm en verskillende blare as die res van die ontwerp. Die effek wat geskep word is verrassend, deur die byvoeging van iets anders. ✓

**Gee krediet aan enige redelike antwoord.** (8)

**[10]**

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming / Begrip | 30% | Deel van 1.1.1<br>Deel van 1.1.2 | 1+1 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 1.1.2 | 5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering / Aftrekking | 30% | Deel van 1.1.1<br>Deel van 1.1.2 | 1+2 |

**OF**

1.2 1.2.1 **(Ken 8 punte toe)**

**Toon/Toonwaarde:**

- 'n Toonwaarde/Tonale waarde is wanneer 'n ligter of donkerder weergawe van dieselfde kleur gebruik word. Die wit kleur wat in FIGUUR B gesien word oorheers die ontwerp van die lamp. Die lamp word tot lewe gebring met 'n wye verskeidenheid van toonwaardes van wit as die lamp verlig word. Hierdie monochromatiese reeks van skakerings van wit skep 'n sagte, gesofistikeerde harmonie. ✓

**Eenheid en verskeidenheid:**

- Eenheid word deur die herhaling van blomagtige vorms bereik. ✓ Hierdie blomagtige vorms is baie na aan 'n lotusblom. Die vorms gaan oop en toe en varieer in grotes. Groter blare word by die basis van die lamp gesien en afname in grootte nader aan die bokant. Dit skep 'n gevoel van verskeidenheid en harmonie omdat al die dele van die ontwerp saamwerk. ✓

**Tekstuur:**

- Die lamp het 'n tasbare gladde tekstuur want dit is gemaak van perspeks of plastiek. ✓ Hierdie gladde oppervlak bring 'n gevoel van gesofistikeerdheid en rustigheid aan die ontwerp. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Patroon:**

- Patroon ontstaan wanneer vorms herhaal word. In FIGUUR B is duidelike bande van organiseerde blomagtige vorms herhaal om die algehele vorm van ŉ lotusblom te skep. Die herhaling van hierdie bande van blomagtige vorms rondom die lamp, gee die ontwerp ŉ vorm van eenheid. ✓
- Harmonie en ŉ suksesvolle geheel word gevorm deur die herhaling van dieselfde georganiseerde blomagtige vorms wat orals om die lamp gesien word. ✓
- Die patroon van die lamp is saamgestel uit verskillende dele en vorms wat herhaal word. Die patroon neem die vorm van blare en ŉ blom aan. ŉ Konvensionele statiese voorwerp in ŉ speelse, tasbare ervaring wat die blaar- en blomvoorwerpe werklik laat in volle blomtyd voorkom. ✓✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (8)

1.2.2 **(Ken 2 punte toe)**

- Bio-mimicrici (Bio-nabootsing) beteken om 'na te boots' en om te leer van natuurlike vorms om menslike probleme op te los, asook om meer volhoubare ontwerpe te skep. Bio-nabootsing word duidelik in FIGUUR B gesien. Die lamp is saamgestel uit blomagtige vorms wat oop en toe maak. ŉ Beligtingstoestel is sentraal in die ontwerp, om die lig wat deur die blomagtige-vorms gevorm word meer te illumineer. ✓ Dit boots die oop en toemaak van ŉ blom in volle vloei na. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)
**[10]**

| V1.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming / Begrip | 30% | Deel van 1.2.1<br>Deel van 1.2.2 | 2+1 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 1.2.1<br>Deel van 1.2.2 | 4+1 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering / Aftrekking | 30% | Deel van 1.2.1 | 2 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR MIDDEL VAN ONTWERP

2.1 2.1.1 **(Ken 1 punt toe)**
**BOODSKAP DEUR MIDDEL VAN PLAKKAAT**
Die boodskap wat oorgedra word deur die plakkaat is die sosiale kwessie wat verband hou met die gevaar van kuberboelie (cyber bulling). Die kwessie kan selfs lei tot slagoffers wat selfmoord pleeg. Die plakkaat met die boodskap raak beide kuberboelie sowel as sosiale boelie. Die slagoffer kan aanlyn in verbinding tree met opgeleide aanlynberaders wat hul kan help. ✓
**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

2.1.2 **(Ken 4 punte toe)**

- Simbolies toon die sentraal geplaaste silhoeët van die oop hand dat die persoon/slagoffer van kuberboelie, blootgestel, kwesbaar en swak voel. ✓
- Die uitleg toon ŉ sentraal geplaaste silhoeët op ŉ swart agtergrond, wat simboliseer dat die slagoffer identiteitloos is, dat hierdie slegs nog ŉ ongeïdentifiseerde persoon is ✓ wie ly onder hierdie tipe molestering, en emosioneel leeg voel. Hierdie eenvoudige gestileerde beeld is donker (bold) en dramaties wat aantoon dat die slagoffer geïsoleer is, omring met donkerte en blykbaar in ŉ leë swart vakuum. ✓
- Al die vetgedrukte swart teks, wat kleiner word hoe verder weg dit van die slagoffer beweeg, val letterlik uit die slagoffer se arm. Dit kan verwys na die slagoffer wat miskien oorgewig is, want woorde soos 'vettie', 'varkvetgat', 'verloorder' en 'pizza gesig' Dit beklemtoon die boodskap van boelies wat daarna streef om die slagoffer te vermeerder totdat hy heeltemal vereensaam en verdwyn met die wrede woorde. ✓ Hierdie teks van wrede kommentaar is ook te sien in vet rooi gedrukte letters. Dit simboliseer gevaar, vrees en bloed. ✓
- Die rooi teks oor die pols van die slagoffer simboliseer dat die persoon sy of haar pols sny en bloei in ŉ poging om die emosionele pyn te laat verdwyn of selfmoord te pleeg. ✓
- Eenvoudige wit en rooi 'sand-serif' lettertipe word gebruik teen ŉ swart agtergrond om ŉ kragtige slagspreuk oor te dra. Die slagspreek is in die regterhoek van die plakkaat. Die slagspreek lui: 'Stokke en klippe kan my bene breek, maar woorde kan my nie doodmaak nie'. ✓ Die duidelike en eenvoudige 'sand-serif' tekstipe verander na ŉ dramatiese rooi kleur. Dit bied raad en leiding vir jong mense wat geaffekteer word deur beide kuberboelie sowel as gewone alledaagse boelie. Slagoffers kan aanlyn verbind word en met opgeleide beraders praat. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (4)

2.1.3 **(Ken 2 punte toe)**
**DIE GESTALT-BEGINSEL VAN FIGUUR EN GROND** ✓ kan toegepas word as die skadubeeld van die hand as die figuur (voorwerp), terwyl die omliggende gebied as die (agtergrond) geskou kan word. ✓
**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2 2.2.1 **(Ken 1 punt toe)**

- Stereotipering is ŉ vaste indruk van ŉ groep mense of individuele met sekere eienskappe, of die vervulling van voorgeskrewe rolle. Dit is die moontlike stereotipering wat in FIGUUR B toegepas word. Desmond Tutu word geïdealiseer as ŉ vreedsame en godsdienstige ikoon, sonder om in ag te neem dat hy soos elke ander mense ook ingebore menslike foute het. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

2.2.2 **(Ken 2 punte toe)**

- Desmond Tutu dra ŉ ketting met ŉ kruis, ŉ simbool van die Christelike geloof wat hy volg. ✓
- ŉ Wit duif word gesien op Desmond Tutu se skouer. Dit is ŉ stereotipiese simbool en demonstreer die boodskap van vrede en reinheid in die ontwerp. ✓
- In die boonste hoeke van die plakkaat is engele wat hulle ramshorings blaas. Dit is ŉ Christelike simbool en ondersteun die persoonlike Christelike eienskap van Desmond Tutu wat die idee van goedheid en suiwerheid deur sy geestelike leiding aan mense wil kommunikeer. ✓
- Desmond Tutu se hande word gesien in ŉ simboliese gebaar wat toon dat hy van nature gee en hy ŉ houding van bediening teenoor die mense uitstraal wat hy lei. ✓
- Die hele voorstelling blyk om Christendom voor te stel. Die pragtige kronkelende plantagtige ontwerp in die agtergrond lyk soos gotiese loodglas vensters, in ŉ tipiese boogstyl, soos gesien in katedrale. Gotiese styl teks word gebruik om die naam van Desmond Tutu te skryf. ✓
- Die teenwoordigheid van die oog van God wat als sien en weet, word aan die bokant van die plakkaat gesien. Dit word beskou as ŉ simbool van beskerming, genesing en leiding van God se krag. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

**[10]**

| V2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming / Herroep / Begrip | 30% | 2.1.1<br>Deel van 2.1.2<br>Deel van 2.1.3 | 1+1+1 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 2.1.2<br>Deel van 2.1.3<br>Deel van 2.2.2 | 2+1+1 |
| Hoër orde | Evaluering / Aftrekking | 30% | 2.2.1<br>Deel van 2.1.3<br>Deel van 2.2.2 | 1+1+1 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.

3.1 **(Ken 10 punte toe)**
**Die nasienriglyn is puntsgewys geskryf om merkwerk te vergemaklik. Kandidate moet 'n <u>enkele opstel skryf. Nie puntsgewys nie</u>. Dit wys hul vaardigheid om te evalueer en te vergelyk deur die toepassing van feitlike inligting.**

**MATERIALS:**
Die Xhosa-bruid se halssnoer in FIGUUR A is oorwegend van glaskrale gemaak in 'n verskeidenheid van kleure. Die halssnoer is gemaak met draad en sluit in 'n paar 'mother of pearl' knopies in. ✓ Die Indiese bruid se halssnoer in FIGUUR B is baie oordoen en oordadig in vergelyking met die Xhosa-kralewerk halssnoer met halfedelstene soos korale en pêrels geset in goud. Goud word beskou as 'n noodsaaklike ritueel metaal as dit by troues kom in Indië. ✓ Die monetêre waarde van die Indiese bruid se halssnoer is baie hoër as die Xhosa-bruid se halssnoer as gevolg van die hoë waarde van die materiale wat gebruik word – maar dit beteken geensins dat die waarde van die Xhosa-bruid se halssnoer minderwaardig is met betrekking tot die Indiese halssnoer nie. Altwee halssnoere is baie ryk in hul simboliek asook waarde vir die troue-seremonies. ✓

**VORM EN PATROON:**
In FIGUUR A word die tradisionele diamantpatroon kraagstylversiering gesien wat die bruid se nek omring en saggies op haar bors en skouers val. Daar word 'n lang, smal wit kraleband met diamant vorms wat ingeweef is om die bruid se nek gesien. Die krale het tossels wat vertikaal aan die voorkant van die bruid se bors gesien word. ✓ Die vorms wat in die Xhosabruid se halssnoer gesien word, is almal geometries, met 'n zig-zag-formasie. Die kralewerk in die kraag skep diamantvorms. ✓ In FIGUUR B is die juweelhalssnoer saamgestel uit drie rye halfedelstene wat in goud geset is. ✓
In die Indiese bruid se halssnoer word 'paisley' vorms in drie rye om haar nek gesien, met 'n reghoekige gedeelte aan die voorkant. 'n Groot 'paisley'-vormige steen met kleiner 'paisley' steentjies wat daaruit hang omring deur 'n pêrel rand. ✓ Beide FIGUUR A en FIGUUR B toon simmetriese ontwerpe, maar die gebruik van ruimte en patrone van die Xhosa-halssnoer is meer minimalisties as die Indiese halssnoer. ✓ In beide ontwerpe word krale of halfedelgesteentes gesien wat herhaal word wat pragtige patrone vorm. ✓

**EENHEID:**
Eenheid word geskep in beide FIGUUR A en FIGUUR B met elemente in die ontwerp wat georganiseerd is. Die gebruik van spesifieke kleure, die eweredige verspreiding van kleure, materiaal keuses, vorm, tekstuur en lyn. ✓
In FIGUUR A, bevat die kraag van die Xhosa-halssnoer en die lang band diamantvorms. Almal bestaan uit dieselfde kleure en albei afdelings van die halssnoer word gemaak van glaskrale wat die hele ontwerp verenig. Die


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

oorvleueling van die twee afdelings verenig ook die twee in een ontwerp. Eenheid en harmonie word geskep deur die organisasie van al hierdie elemente. ✓ In FIGUUR B is die hele halssnoer van goud gemaak en met 'paisley'-patrone en pêrels versier wat eweredig versprei word deur die ontwerp. Dit vorm 'n gebalanseerde verenigde geheel. ✓

**ESTETIESE VOORKOMS:**
Beide die Xhosa-bruid halssnoer in FIGUUR A en die Indiese bruid halssnoer in FIGUUR B kommunikeer die kralewerk die bruid se sosiale status en rykdom. ✓ Albei kulture gebruik spesifieke kleure in hul tradisionele huwelikseremonie omdat dit die tradisie is. ✓ Xhosa-kralewerk word ook dikwels in die toerismemark aangevra en baie oorsese besoekers koop krale-items as aandenkings van hul Suid-Afrikaanse ervaring omdat kralewerk uniek aan Suid-Afrika is. ✓ Die fyn afgewerkte Indiese halssnoere is dikwels baie waardevol met die goue en semi-edelgesteentes en dalk selfs diamante. Die vrou sal die halssnoer van die huwelikseremonie dra as sy of haar man nog lewe as 'n teken van hul liefde en toewyding aan mekaar. ✓ Die Xhosa-bruid se halssnoer word meer vereenvoudig met sy geometriese patroonvorming in vergelyking met die uitgebreide, ryk versierde Indiese halssnoer, maar elke ontwerp verteenwoordig sy eie waardevolle kultuur deur die tradisionele huwelikseremonie. ✓

**PRODUKSIE TEGNIEK:**
FIGUUR A stel 'n Xhosa-bruid halssnoer voor, gemaak van krale. Hierdie halssnoer is gemaak deur vroue. ✓ Hulle kralewerk is 'n manier om te kommunikeer sonder woorde. Dit word gedoen deur middel van patrone, verskillende style en kleure. Elke ontwerp is ontwerp vir 'n spesifieke groep, daarom is die trou halssnoer se simboliese betekenis so spesiaal vir die geleentheid, aangesien die boodskap in dekoratiewe geometriese ontwerp geweef word. ✓ Hulle kralewerk is 'n manier om te kommunikeer sonder woorde. Dit word gedoen deur middel van patrone, verskillende style en kleure. Elke ontwerp is ontwerp vir 'n spesifieke groep, daarom is die trou halssnoer se simboliese betekenis so spesiaal vir die geleentheid, aangesien die boodskap in dekoratiewe geometriese ontwerp geweef word. ✓ Hierdie bruidshalssnoere word op grootskaal geproduseer, tensy 'n unieke handgemaakte halssnoer deur 'n juwelier verlang word. ✓
**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** **[10]**

| V3.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Kennis / Herroep Begrip | 30% | Deel van 3.1 | 3 |
| Middel-orde | Toepassing van elemente | 40% | Deel van 3.1 | 4 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 30% | Deel van 3.1 | 3 |

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.2 **(Ken 10 punte toe)**
**Die nasienriglyn is puntsgewys geskryf om merkwerk te vergemaklik. Kandidate moet ʼn <u>enkele opstel skryf. Nie puntsgewys nie</u>. Dit wys hul vaardigheid om te evalueer en te vergelyk deur die toepassing van feitlike inligting.**

**In hierdie vraag word daar verwag van die kandidaat om die figure vergelyk en sal gepenaliseer word indien twee afsonderlike opstelle, of inligting wat in ʼn tabelvorm geskryf word. (Maksimum 3 uit 10).**

**Hierdie vergelykende opstel vergelyk die <u>SA Perm Gebou</u> in FIGUUR C met die <u>Pantheon Tempel</u>. ʼn Romeinse gebou. Die kandidaat mag enige ander geskikte voorbeeld vir die vergelykende opstel gebruik.**

**KONTEKS:**

- Die Romeinse Pantheon is ʼn voorbeeld van ʼn Romeinse tempel, terwyl die SA Perm Gebou ʼn hedendaagse openbare/sekulêre gebou is wat invloede en kenmerke van antieke Romeinse argitektuur toon. ✓✓

**DOEL/FUNKSIE:**

- Die doel van die Pantheon is nie vir seker bekend nie, maar die naam, voorportaal en versiering dui daarop dat dit ʼn tempel van een of ander soort was. ✓✓ Die Pantheon was waarskynlik ontwerp as ʼn plek waar die keisers openbare verskynsels in ʼn omgewing kon maak, wat die kykers dieselfde status as die ander Romeinse gode gegee het. ✓✓ Die doel van die SA Perm gebou was die vestiging van bankbeleggings en die uitvoer van finansiële transaksies. ✓✓

**UITLEG/PLAN:**

- Van buite gesien vertoon die Pantheon en die SA Perm Gebou altwee as ʼn soliede, geslote versameling van meetkundige vorms. ✓
- Die Pantheon is een soliede, sirkelvormige betonkopel, met ʼn sentrale opening (ʼn ʻocultusʼ van 8,3 m in deursnee) na bo. Hierdie ʻoculusʼ laat natuurlik lig in die sirkelvorm vloei. ✓ Alhoewel die SA Perm Gebou nie sirkelvormig is, maar reghoekig, is daar ʼn groot sentrale deel aan die kant van gebou wat natuurlike lig van buite af laat inskyn. ✓
- Albei geboue het binneruimtes wat gevul word met natuurlike lig as gevolg van die gewelfde vorms en die lig wat van die ligbron oorloop. ✓
- Die Pantheon se voorkant bestaan uit ʼn groot stoep met vertikale graniet Korintiese kolomme onder ʼn traigulêre voetstuk, wat amper as ʼn afsonderlike deel voorkom. ✓ Die ingang en voorkant uit stewige betonkolomme het wat bestaan uit ʼn onder en boog en ʼn dakstruktuur wat mens herinner aan ʼn Griekse voetstuk. ✓
- Die groot interne afdelings maak voorsiening vir groot byeenkomste van mense en die SA Perm Gebou bied toegang vir ʼn beheerde hoeveelheid mense ✓ om hul finansiële vereistes te betree. ✓
- Die interieurs van beide die Pantheon en die SA Perm Gebou word omring deur kolomme. Marmer Korintiese kolomme word aan weerskante van geplaas wat goddelikheidsbeelde in die Pantheon bevat. ✓ Die SA Perm


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Gebou se gegote betonkolomme is slank met gewone hoofletters en vorm kolonnades binne die groot ingang. ✓

**MATERIALE EN PRODUKSIE TEGNIEKE:**

- Die Pantheon, gemaak van Romeinse beton wat bekend staan as mortel, is in marmer beklee. ✓ Die Pantheon, gemaak van Romeinse beton wat bekend staan as mortel, is in marmer beklee. Die koepel is bedek om sy gewig te verminder; die basis is 6,4 m dik en 1,2 m dik aan die bokant. Die onderkant van die koepel is gemaak van beton. Ligter materiaal is aan die bokant gebruik met poreuse puimsteen. ✓ Die afwaartse gewig van die koepels word gedra deur 8-vat kelders en die 6,4 m dik muur. ✓
- Die SA Perm Gebou is gebou uit rooi baksteen en versterkte beton, staal en glas. ✓ Moderne masjinerie en tegnologie is gebruik vir die konstruksie van hierdie hedendaagse gebou. ✓ Om rede die gebou met aansienlike bedrae geld werk, sal dit 'n geïntegreerde boubeheerstelsel met effektiewe en sentrale bedryfsprogramme moet insluit, insluitende toesig, alarmstelsels, elektriese stelsels, ens. ✓

**VERHOUDING TOT DIE TERREIN:**

- Die Pantheon domineer die terrein waarop dit gebou is, met strate aan albei kante van die gebou. ✓ Die SA Perm Gebou is in die hoofstraat van Grahamstad, genaamd 'High Street'. ✓

**Gee krediet aan enige geldige inligting.** **[10]**

| V3.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Kennis, Begrip | 30% | Deel van 3.2 | 3 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 3.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 30% | Deel van 3.2 | 3 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS**

- **Geskiedenis van Ontwerp: Insluitende Grieks, Romeinse, Goties, Barok, Rococo, Neoklassieke, Victoriaans, Kuns en Kunsvlyt, Art Nouveau, Bauhaus, Art Deco, Skandinawiese Ontwerp, De Stijl, Modernisme, Populêre kultuur, Pop/Nuwe Ouderdom en Postmodernisme.**
- **ŉ Oorsig van argitektuur, waarin klassieke voorbeelde vergelyk word met hedendaagse werke.**
- **Visuele Analise (onsigbare voorbeelde van ontwerp): basiese terminologie wat ontwerp en eienskappe beskryf en ondersteun, om met selfvertroue gebruik te word.**

**VRAAG 4 (30 punte)**

4.1 **(Ken 20 punte toe in totaal)**

**LEERDERS MOET TWEE UIT ŉ MOONLIKE NEGE KUNSBEWEGINGS/STYLE/TYDPERKE KIES.**

NEEM KENNIS:
Vir elk van die style of bewegings moet die kandidate die eienskappe van die beweging beklemtoon wat die karaktereienskap van daardie spesifieke beweging beklemtoon deur te verwys na die aanhaling.
Die stoel soos gesien in FIGUUR A is bloot om die kandidaat te help om die eienskappe van die beweging/style te herroep. Hulle kan verwys na enige argitektuurstruktuur of produk van die gekose beweging of styl.

*'Die ontwerper se ware doel is om die dinge wat ons omring, nie net in terme van funksie, voorkoms, koste en materiale, maar ook in terme van aspirasie en begeerte – soos in ŉ droom van hoe goed die lewe kan verbeter.'*
*Terence Conran*

**BAUHAUS**
Die tydperk/styl in konteks: (Ken 1 punt toe)
- Die Bauhaustydperk is gestig in ŉ tyd toe die Duitsers van emosionele ekspressionisme na nuwe objektiwiteit oorbeweeg het. ✓
- Hulle het probeer om oplossings te vind vir die probleme wat die werkersklas ondervind het gedurende die depressiejare van die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland. ✓ Hulle het tegnologie gebruik om behoorlike behuising en ontwikkelinge van hoë gehalte ontwerpe te skep. ✓ Om hul lewenstyl te verbeter moes hulle funksionele, tog aangename produkte skep. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Doelwitte: (Ken 1 punt toe)
- Om gesonde behuising te voorsien vir ŉ groeiende bevolking onder moeilike ekonomiese toestande. ✓
- Om voordeel te trek uit nuwe tegnologie. ✓
- Om ŉ deurbraak te bereik vir rasionele en funksionele vorms in ontwerp (rasionalisme en funksionalisme). ✓
- Om produkte vir die massas bekostigbaar te maak deur middel van koste-sny in die industriële produksie. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Hul hoofdoel was om die materiale wêreld weer uit te beeld en die eenheid van al die kunste te weerspieël. ✓
- Die Bauhausskool het daarop gemik om hul studente op te lei om ontwerpe te skep wat die masjienleeftyd weerspieël, ✓ sodat die ontwerpe suiwer, eenvoudig en funksioneel is. ✓
- Hulle doel was om alle kunste en handwerk as 'n funksionele geheel te laat werk. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Invloede: (Ken 2 punte toe)

- Bauhaus-styl is beïnvloed deur die eenvoudige, onaangeraakte meubels van die Kuns- en Kunsvlytbeweging. ✓
- Die Kubistiese beweging het geglo om voorwerpe te verminder na hul mees basiese vorms (die kubus, silinder, 'sphere'). ✓
- Die De Stijl-beweging se onpersoonlike, abstrakte werke was vierkantige en reghoekige blokke met primêre kleure wat geskei word deur horisontale en vertikale lyne van wit en swart. Die gladde oppervlaktes lyk of dit deur 'n masjien geskep is en op 'n wiskundige manier baseer is. ✓
- Die Amerikaanse argitek Louis Sullivan met sy aanhaling: 'Vorm Volg Funksie'. Dit beteken voorwerpe voldoen aan die beginsels van suiwerheid en vorms was sonder versierings. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)

- Aanvanklik was die fokus op handproduksie. Goedere is van natuurlike materiale gemaak. Nou het die fokus geskuif na die inkorporering van tegnologie en industriële prosesse om moderne ontwerp te skep. ✓
- Die Bauhaustydperk kan dus eerder as ekspressief en dekoratief gesien word. Hulle moedig ontwerp aan vir massaproduksie. ✓
- Ontwerp was modern, eenvoudig, universeel en funksioneel. Produksie en vervaardiging was gefokus op kwaliteit. ✓
- Bauhaus het weg beweeg van versiering en was ten gunste van eenvoud, funksie en elegansie. ✓
- Hulle het reëlmatigheid in plaas van simmetrie gebruik. ✓
- Suiwerheid van vorm. ✓
- Hulle het by die gesegdes gehou: 'Waarheid van die Materiaal' en 'Vorm volg funksie'. ✓
- Hulle het nuwe materiale en tegnologie gebruik soos bv. versterkte sement. ✓
- Hulle het van geometriese vorms gebruik gemaak. ✓
- Lyne was hoofsaaklik reguit en vorms geometries. ✓
- Kleure was gewoonlik natuurlik en hulle het die kleur van die staal, hout en sement behou, ✓ of natuurlike primêre kleure gebruik. ✓
- Oppervlaktes was glad, koud en onpersoonlik. ✓
- Hulle het verskillende materiale en tegnieke in eenvoudige praktiese projekte toegepas. ✓
- Die konserwatiewe vorms van meubels is gedematerialiseerd bv. meubels moes in hul basiese en noodsaaklike vorm wees. Geen versiering. ✓
- Hulle het voorafgemaakte meubels vervaardig. ✓
- Hulle het klem geplaas op die fisiese proporsies van die materiale. ✓
- Stoele was eenvoudig en onversierd, ligte staal rame was gebruik vir die oop gestruktureerde stoele, ✓ wat kon vervaardig word in massas. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Argitekte het van baie verskillende elemente gebruik gemaak: staal-raam konstruksies, 'n glas mure, versterkte sement, oop plan konstruksies en mure wat kon beweeg na verlang van ontwerper, onversierde mure, alle onnodige voorwerpe is versteek in 'n sentrale kern van die gebou, versterkte beton, kubusagtige strukture, voorafvervaardigde eenhede, masjien gemaakte komponente, suiwerheid en vorm. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)

<u>Ontwerper en 'n ontwerp</u>: (Ken 1 punt toe)

- Cantilever' Stoel – deur Mies van der Rohe ✓
- 'Tubular' Stoel – deur Mies van der Rohe ✓
- Die Barcelona Stoel – deur Mies van der Rohe✓
- 'Zig-Zag' Stoel – deur Gerrit Rietveld ✓
- 'Wassily' Stoel – deur Marcel Breuer ✓
- 'Tac' Teepot – deur Walter Gropius ✓
- 'Cradle' – deur Peter Keler ✓
- 'Tea-extract' pot 1924 – deur Marianne Brandt ✓
- Dak Lamp – deur Marianne Brandt ✓ (1)

(20)

**EN/OF**

**GOTIES**

<u>Die tydperk/styl in konteks</u>: (Ken 1 punt toe)

- Na die val van die Romeinse Ryk, was Europa in 'n toestand van verwarring en dit was gedurende die tydperk dat siektes, oorlog, geweld en hongersnood geheers het. ✓
- Die gevoel van vrees wat ontwikkel het, bygelowige oortuigings het ontwikkel by mense en die Christinkerk het gegroei soos die Romeinse keisers vervang is. ✓
- Die argitektoniese styl van die kerk het na 'n Gotiese styl beweeg, met kenmerke en ontwerpmotiewe wat 'n meer geestelike of mistieke atmosfeer uitbeeld. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

<u>Doelwitte</u>: (Ken 1 punt toe)

- Die kerk moes 'n baie hoë toring hê sodat dit die sentrale fokuspunt kon wees om vir God die eer te gee. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

<u>Invloede</u>: (Ken 2 punte toe)

- Die toestand van verwarring en vrees wat ervaar is deur die mense het hulle nader aan die kerk gelei. Hulle het vasgehou aan hul sterk geloofstelsels. Dit het dus gelei tot die bou van groot kerke en katedrale. ✓
- Die ryk eiendomeienaars, aristokrate, adel en die Kerk ✓
- In argitektuur is die Romeinse 'basilica'-plan aangeneem in die drie Gotiese kerke. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

<u>Karaktereienskappe</u>: (Ken 5 punte toe)
Argitektuur:

- Die toestand van verwarring en vrees wat ervaar is deur die mense het hulle nader aan die kerk gelei. Hulle het vasgehou aan hul sterk geloofstelsels. Dit het dus gelei tot die bou van groot kerke en katedrale. ✓
- Op ʼn praktiese manier is die geboue ontwerp om meer ruimte te verskaf en minder bou materiaal te gebruik. ✓
- Hoofelemente van Gotiese argitektuur sluit in: gespitste boë met steunboë; geriffelde kelders; en loodglasvensters. ✓
- Geboë punte was hoog in vergelyking met die afgeronde boë van die Romeinse era. ✓
- Die vlieënde steunboogkolomme het die gewig van die opwaartse stygende dak tot op die grond gedra. Dit het die groot vensterruimtes in die mure toegelaat. (met ander woorde, die mure moes nie die enigste steun vir die dak wees nie). ✓
- Die katedraal was ook ʼn kunsmuseum – gebruik om kunsgeskiedenis van die wêreld vir die Christindom te leer. ✓
- Die katedraal was die heiligdom van die beroemdes wat gesterf het. Hulle grafte was hulle trots en is versier. ✓

Meubels:

- Groot en swaar, donker hout meubels (Eikehoud, Okkerneut en Rooshout) ✓
- Die puntige boogvorms met ingewikkelde uitsny werk, kan gesien word op die meubels. ✓
- Gotiese tekstiele bv. gordyne, het met kleure gespog soos pers, 'ruby' rooi, swart, mosterd, gras groen en goud. ✓
- Tekstielontwerpe het geometriese en dramatiese patrone vertoon. ✓
- Gotiese meubels was formeel en nie ontwerp vir gemak nie. ✓

Beligte manuskripte:

- Dit is geïllustreerde handgemaakte boeke of manuskripte wat met goudblaarversiering bedek is. Die goue blare sal lig uit die bladsy weerspieël wat dit die indruk gee van ʼn goue skynsel. ✓
- Hierdie manuskripte was meestal godsdiensdig en is in kloosters geproduseer. Versiering het verskeie voorletters, rame en miniatuur illustrasies ingesluit. ✓

Loodglas-vensters:

- Hierdie vensters het die hele kerk ophelder en ʼn wonderlike helder atmosfeer geskep in die Gotiese kerk. ✓
- Hulle het ʼn stories vertel, wat dikwels Bybelse tonele uitbeeld. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)

<u>Ontwerper en ʼn ontwerp</u>: (Ken 1 punt toe)

- Argitektuur: 'Notre Dame' Katedraal in Parys (1163-1250) ✓
- Argitektuur: 'Salisbury' Katedraal in Brittanje (1220-1270) ✓
- Argitektuur: 'Chartres' Katedraal in Franse (1140-1220) ✓
- Tapeserië: 'Lady with the Unicorn' in 'Chateau Pierre d'Aubusson ✓ (1)

(20)

**EN/OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ART NOUVEAU**

Die tydperk/styl in konteks: (Ken 1 punt toe)

- Hulle was teen die massa-vervaardigde artikels van die Kuns- en Kunsvlytbeweging van die 19de eeu. ✓
- Hulle het pragtige vervaardigde voorwerpe geskep, ✓ maar ongelukkig kon hulle nie teen die tyd aanpas aangesien produkte moeilik was om in massas te produseer. Dit was net te duur. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Doelwitte: (Ken 1 punt toe)

Dit het uit die Kuns- en Kunsvlytbeweging gegroei (Dit kan gesien word in die ooreenstemming van sommige produkte):

- Om noue bande tussen die kunstenaars en ambagsmanne in die ontwerp van produkte te vestig. ✓
- Om die tradisie van die gebruik van vaardige vakmanne te laat herleef. ✓
- Hulle het egter nie die idee van fabriekgemaakte goedere verwerp nie, maar wou die kwaliteit van handgemaakte produkte behou. Hulle het dus handgemaakte produkte vervaardig maar van moderne materiaal bv. metaal en staal (ysterwerk) ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Invloede: (Ken 2 punte toe)

- Natuur: In hul verwysing na die natuurlike wêreld soos poue, lelies en rankplante. ✓
- Japanese houtsneewerk: met eenvoudige, vloeiende dekoratiewe lyne. ✓ gestileerde vorms, lynpatrone, dekoratiewe patrone, plat en gekleurde vorms. ✓
- Alphonse Mucha: hulle was beïnvloed deur sy kunswerke van vroue ✓
- Gustav Klimt: was beïnvloed deur Klimt se gebruik van dekoratiewe patrone. ✓
- Keltiese Kuns: met hul elegante, krullende lyne en ontwerpe, ✓ en die dekoratiewe vlegsels wat gemaak word met linte. ✓
- Viking ontwerpe: met hulle fyn lyne en spirale, uitbundige ornamente en romantiese idees. ✓
- Simbolies: ('n kunsbeweging van die tydperk): plat areas van kleur, organiese krullende buitelyne, en sensasionele ontwerpe wat die vrou se kurwes geklemtoon asook die natuur se organiese lyne. ✓
- Die Kuns- en Kunsvlytbeweging: met hul natuurlike vloeiende vorms. ✓
- Laat Gotiese styl: met sy flambojante lyne en loodglaswerk. ✓
- Franse Rococo Kunsperiode: met hul delikate lyne en vorms sowel as speelse lig en atmosfeer het dit Art Nouveau beïnvloed. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)

- Onderwerp: diere, voëls, plante. hoogs gestileerde rose (Rennie Mackintosh), sonneblomme, lelies en poue, asook sensasionele vroulike figure. ✓
- Produkte: tekstiele, keramiekwerk, metaalwerk, glasware, juweliersware, meubels en argitektuur. ✓
- Materiale: eksotiese materiale, e.g. 'mother of pearl, 'lapis lazuli', ivoor, gekleurde glas en metaal, klei, juweliersware asook meubels en yster. ✓ Hulle het gebruik gemaak van sy, fluweel en borduurwerk op tekstiele. ✓ Hulle het ook gebruik gemaak van gelakte hout, versier met ander materiale vir meubel stukke. ✓ Mosaïek en loodglas was ook populêr. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Ontwerpe en produkte was versierd en dekoratief. ✓

Elemente van Ontwerp:

- Lyn: Die gebruik van sweepslag('serpentine'/'whiplash')-lyne om gestileerde en eenvoudige lyne te skep. ✓
- Vorm en fatsoen: Die vloeiende kurwes en vorms wat gebruik is reflekteer die sweepslaglyne. ✓
- Kleur: vir binnehuisversierings was die kleure subtiel en sag, bv. skakerings van pienk, groen en geel. ✓
- In Alphoso Muncha se plakkate is gebruik gemaak van dowwe kleure met kronkelende lyne. ✓

Beginsels van Ontwerp:

- Balans: oorwegend asimmetries ✓
- Kontras: groot en klein vorms. Koue kleure teenoor warm kleure. ✓
- Beweging: die herhaling van sweepslaglyne skep 'n gevoel van beweging. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)

<u>Ontwerper en 'n ontwerp</u>: (Ken 1 punt toe)

- Juweliersware: 'Dragonfly' borsspeld deur Rene Lalique ✓
- Art Nouveau borsspeld deur Winifred Green ✓
- Lampe: 'Lotus Tale' Lamp deur Louis Comfort Tiffany ✓
- Metaalwerk: 'Cornet dragon' Hek deur Antoni Gaudi ✓
- Binneversiering: Trap in die 'Van Eetvelde' huis in Brussels deur Victor Horta ✓
- Meubels: 'Cabinet Vitrine' deur Gustave Gustave Serrurier-Bovy ✓
- Plakkaat: Pen plakkaat deur Alphonso Mucha ✓
- 'Job'-plakkaat deur Alphonso Mucha ✓ (1)

(20)

**EN/OF**

**KUNS- EN KUNSVLYTBEWEGING**

<u>Die tydperk/styl in konteks</u>: (Ken 1 punt toe)

- Veelvoudige verdieping geboue, fabrieke, brûe en spoorweë wat tot die einde van die 19de eeu begin verskyn het in stedelike gebiede het gou agteruitgegaan en ontaard in krotbuurte. ✓
- Fabrieke was ernstige gesondheidsrisiko's. Dit was die begin van die sosialistiese tydperk en die beskerming van regte vir vakmanne. ✓
- Hierdie beweging was 'n terugslag teen die kragte van industrialisasie in Brittanje. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

<u>Doelwitte</u>: (Ken 1 punt toe)

- Om die produksie van handgemaakte kwaliteit goedere aan te moedig wat visueel en esteties waardig is, in teenstelling met lae gehalte goedere. ✓
- Om die lewenskwaliteit van die ontwerpers en vakmanne te verhoog ✓
- Om die waarde en betrokkenheid van die vaardige vakman en ontwerper te herstel. ✓
- Om die ontwerp van eenvoudiger, minder dekoratiewe produkte aan te moedig. ✓
- Om produkte te skep van natuurlike materiale (bv. hout en steen). Dit was om die natuurlike skoonheid van die materiaal beter te laat vertoon. ✓
- Om die sosiale orde, stabiliteit en goeie Christelike waardes terug te bring. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Invloede: (Ken 2 punte toe)

- Die Middeleeuse Gotiese styl, ✓ was 'n tydperk wat verband hou met orde, stabiliteit en goeie Christelike waardes. Dit was in die ontwerpe verteenwoordig deur die gebruik van die punt boog, sowel as die 'quatrefoil'- en 'trefoil' motiewe. Die ontwerper sluit ook mitologiese temas soos drake in. ✓
- Die rustieke Engelse kothuis styl ✓ – eenvoudige argitektuur styl met handgemaakte meubels – hulle het gebruik gemaak van plaaslike materiale wat in hul natuurlike toestand (steen en hout) gebly het, bv. stoele van gesnyde hout en geweefde sitplekke. Vloerplanke is natuurlik gelaat asook dakplanke om die natuurlike skoonheid van die materiale te wys. ✓ Dit staan bekend as 'waarheid van die materiale'. ✓
- Die tydperk is beïnvloed deur die alledaagse lewe van die natuur bv. diere en blom motiewe. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)

- Die Kuns- en Kunsvlytbeweging herleef 'n belangstelling in handwerk soos borduurwerk, snywerk, blokdruk en loodglaswerk. ✓
- Onderwerpe soos diere, plante, voëls en Middeleeuse motiewe (bv. die ' 'trefoil' en 'quatrefoil'). ✓
- Produkte: Tekstiele, meubels, keramiekwerk, handgemaakte leerboeke, metaalwerk en argitektuur. ✓
- Materiale: Natuurlike materiale soos hout en klip. ✓ Hulle het meer gebruik gemaak van plaaslike materiale. ✓ Hulle het yster as 'n standaard komponent in geboue gebruik, sowel as glas en staal. ✓
- Versiering: Is gebruik om die basiese ontwerp te verbeter en nie net ter wille van die versiering alleen nie. ✓ Versierings is tot die minimum beperk. ✓ Hulle het die natuurlike waarde van die materiale in huishoudelike ontwerpe behou. (bv. houtmeubels was nie vernis nie.) ✓ Hulle het verskillende bou elemente gemeng, bv. torings, gespitste boë en loodglas vensters. ✓

Gebruik van Elemente en Beginsels:

- Vorms: was eenvoudig sonder enige ekstra versierings. ✓ Tekstiele en keramiek ontwerpe was meer organies as gevolg van die sterk inspirasie van blomme en plante. ✓
- Kleur: Hulle het gebruik gemaak van effe kleure in skakerings van blou, geel, rooi asook neutrale aardse kleure. ✓
- Balans: Algemene simmetriese balans is gebruik as gevolg van die Middeleeuse gotiese invloed van stabiliteit en orde. ✓
- Eenheid: Eenheid word bereik deur die herhaling van organiese lyne in 'n onderwerp. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)

Ontwerper en 'n ontwerp: (Ken 1 punt toe)

- Tekstiel (tapesërie): 'The Strawberry Thieves' deur William Morris ✓
- Meubels: 'Morris' Armstoel deur William Morris ✓
- Argitektuur: 'The Red House' deur Phillip Webb ✓ (1)

(20)

**EN/OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**SKANDINAWIESE**

Die tydperk/styl in konteks: (Ken 1 punt toe)

- Skandinawiese ontwerp het ontwikkel gedurende die 1950's in Denemarke, Noorweë, Swede en Finland. ✓
- Na die Tweede Wêreldoorlog was die koste van materiaal baie laag. Die metodes vir massaproduksie het die konsep geskep om pragtige en funksionele alledaagse voorwerpe te skep wat deur almal moontlik gemaak kon word. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Doelwitte: (Ken 1 punt toe)

- Om pragtige, visuele en funksionele alledaagse produkte te skep wat deur almal bekostig kan word. ✓
- Om eenvoudige, elegante ontwerpe te skep sonder om die kwaliteit te verminder of die skoonheid te verloor. ✓ Sulke produkte versag die woonplek sonder om dit te oorheers. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Invloede: (Ken 2 punte toe)

- Die Modernistiese- en Bauhausbewegings met hul artistieke innovasie sowel as tegnologiese en sosiale vooruitgaan. ✓
- Die evolusie van moderne meubelontwerpe as kuns-, tegnologie- en argitektoniese teorieë is gekombineer en bevorder. ✓
- Sosiale demokrasie wat ontwikkel het gedurende die 1950's het hierdie beweging begin. ✓
- Masjinerie, nuwe tegnologie en nuwe materiale wat beskikbaar was na die 2de Wêreld Oorlog het hulle ook beïnvloed. ✓
- Die surrealistiese beweging het hulle soms geïnspireer. ✓
- Lang winters met net 'n paar ure van sonskyn het Skandinawiese ontwerpers geïnspireer om helder, ligte en praktiese eenvoudige ontwerpe te skep. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)

- Kleur: Ligte kleur hout; ontwerpe is gedruk in helder en opbeurende kleure. ✓
- Patrone: Eenvoudig en artistieke gedrukte ontwerpe; gestileerde blom motiewe is baie gebruik. Sowel as kolle en strepe. ✓
- Vorm/Spasie: sagte rond hoeke ✓; eenvoudige organiese vorms; ✓ biomorfiese vorms word gekombineer met ingewikkelde geometriese vorms. ✓ Meubels was eenvoudig in vorm met gladde teksture. ✓ Hulle het baie aandag gegee aan vakmanskap en gemaklikheid. ✓
- Lyn: Meubels het reguit lyne sowel as organiese lyne gehad. ✓ In klere modes vir vrouens is die eenvoudige A-lyn romp en rokke gesien ✓
- Nuwe materiale: veselglas, rubber, plastiek, 'vinyl' en 'plywood'. ✓ Vormgedrukte hou, geanodiseerde of geëmaljeerde aluminium of geperste staal. ✓
- Hulle het moderne materiale soos plastiek gebruik om eenvoudige stapelstoele te skep. ✓
- Aandag aan detail en afwerking word beklemtoon. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Ontwerper en 'n ontwerp: (Ken 1 punt toe)

- 3-D Produk: Arne Jacobsen ✓ –' Egg Chair' ✓ of die 'The Ant Chair' ✓
- 2-D Produk: Maija Isola ✓ – Marimekko tekstiel ontwerp ✓
- Argitektuur: Aalvar Aalto ✓ – 'Helsinki' Kulturele Sentrum ✓
- Kommunikasie: Anders Beckman ✓ – Sweedse Lugdiens plakkaat ✓ (1)

(20)

**EN/OF**

**BAROK**

Die tydperk/styl in konteks: (Ken 1 punt toe)

- Die populariteit en sukses van die Barokperiode was beïnvloed deur die Katolieke Kerk as gevolg van die Protestante Reformasie wat geglo het dat gelowige onderwerpe direk en emosioneel moet kommunikeer. ✓
- Die Barok-era word dikwels beskou as 'n tydperk van artistieke styl wat oordrewe beweging en duidelike, maklike geïnterpreteerde detail gebruik. Dit word gesien in die tydperk se drama, uitbundigheid en grootheid in beeldhoukuns, skilderkuns, argitektuur, literatuur, dans, teater en musiek. ✓ Hierdie styl het ongeveer begin gedurende 1600 in Rome en versprei na die res van Europa. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Doelwitte: (Ken 1 punt toe)

- Eienskappe was bedoel om te beïndruk om krag sowel as beheer te wys. ✓
- Die doel van Barokargitektuur was om die argitektoniese elemente op die visuele estetiese wyse toe te pas om 'n gevoel van grootheid en dramatiese effekte te skep. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Invloede: (Ken 2 punte toe)

- Barokontwerp is sterk beïnvloed deur die 'Counter' Reformasie. ✓ Dit verwys na die tydperk in die geskiedenis toe die Katolieke Kerk besin het oor kerkpraktyke en beginsels om positiewe veranderinge begin implementeer is. ✓
- Die kerk gebruik Barokkuns en -ontwerp om uit te ryk na die mense en 'n herlewing van geloof te bevorder. ✓
- Barokontwerp doen 'n beroep op die ryk en aristokrasie wat gelok word na die drama en vermoë om te beïndruk. ✓
- Barokontwerp het van die Middeleeuse en Renaissance-styl geleen. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)

- Barokgeboue is kolossaal met dramatiese afmetings, ✓ vertoon massiewe trappe. ✓ Kolomme en ingewikkelde, dramatiese versierings. ✓
- Beide geboue en meubels wys engele, cupids en heiliges as beeldhouwerke, figure, muurbekleedsel en fonteine. ✓
- Klem is geplaas op ovaal vorms; vloeiende en geboë oppervlaktes asook 'c' en 's' skulpmotiewe. ✓
- Barokstyl was bekend as die 'Swaar Styl'✓
- 'n Verskeidenheid van geronde en krom vorms is gebruik. ✓
- Ontwerpers maak gebruik van blink materiaal soos marmer, vergulding en brons. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Daar is dramatiese kombinasies van argitektuur, beeldhouwerk, silwer, kant, ryk tapisserieë en luukse afwerkings gebruik. ✓
- Die meubelontwerpe is indrukwekkend en is die werk van beeldhouers en nie skrynwerkers. ✓
- Die gebruik van goud, edelmetale, spieëls en marmer oorheers. ✓
- Voorbeelde van die Baroktydperk het dinamiese komposisies, ŉ gevoel van drama en teater. ✓ Sterk kontrasterende kleur en die wisselwerking tussen skaduwees. ✓ Sterk klem is geplaas op drama en beweging. ✓
- Baie van die ontwerpe gedurende die tydperk verwys na godsdienstige konteks, ŉ skuif weg van die suiwer Renaissance-fokus op logika en rede. ✓
- Emosionele en dramatiese temas word gebruik. ✓
- Interieurs was opgehelder met rykdom en goud, silwer, sy, ryk tapisserieë en luukse meubels. ✓
- Pompige fasades met gewels. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)

<u>Ontwerper en ŉ ontwerp</u>: (Ken 1 punt toe)

- 'Ceiling Fresco' : 'Triumph of the Name of Jesus' deur G. Battista Gaulli (Rome) (1672–85) ✓✓
- Interieur: 'Hall of Mirrors' in Versailles deur Hardouin Mansart en Le Brun (1678) ✓
- Argitektuur: 'Colonnade of St Peter's' deur GIanlorenzo Bernini (Rome) (c. 1656) ✓
- Produkte: Baldacchino(Altar) in 'St Peters' deur Bernini, (Rome), (1624–1633) ✓
- Grafiese kuns: 'The Elderly Fool' en 'His Cat' deur Alexander Voetll, (17de eeu) ✓ (1)

(20)

**EN/OF**

**RENAISSANCE**

<u>Die tydperk/styl in konteks</u>: (Ken 1 punt toe)

- Dit was die begin van objektiewe wetenskaplike eksperimentering, navorsing en rasionele denke. ✓
- Groot denkers, kunstenaars en ontwerpers soos Michelangelo, Leonardo da Vinci en Raphael het visuele uitdrukking gegee aan die idees van die Renaissance. ✓
- Hulle het innoverende denke aangemoedig, ✓ en ŉ paar voorbeelde is die volgende:
  1455 – Die drukpers met bewegende metaaltipe, deur Johannes Gutenberg wat die begin van die gedrukte inligting was en beskikbaar geraak het vir almal wat kon lees. ✓
  1606 – Die teleskoop uitgevind deur Galileo Galilei. Dit is die begin van objektiewe eksperimentering soos ons dit ken vandag. ✓
  1629 – Die stoomturbine deur Giovanni Brance. ✓
  1714 – Die kwiktermometer deur Gabriel Fahrenheit. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Doelwitte: (Ken 1 punt toe)

- Redenasie, bevraagteken en die voorstelling van die menslike figuur as 'n individu was belangrik. ✓
- Humanisme is die Renaissance filosofie wat beweer dat elke persoon die reg het om te dink, redeneer, bevraagteken en te besluit oor hul eie oortuiging. ✓
- Die woord Renaissance beteken die herlewing/wedergeboorte van iets. In die 14de en 16de eeue het dit spesifiek verwys na die terugkeer van die klassieke ideale in kuns en argitektuur asook 'n terugkeer na rede, denke en objektiewe eksperimentering in wetenskap. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Invloede: (Ken 2 punte toe)

- Die Renaissance was 'n herlewing van die Romeinse tradisies van ontwerp en argitektuur. ✓✓
- Produkontwerpe bevat dikwels versiering geïnspireerd deur Michelangelo en Raphael. ✓
- Mitologiese en Bybelse figure word dikwels geïnkorporeer. ✓
- Kunstenaars van die vroeër Renaissance tydperk het die natuurlike wêreld as 'n verwysing vir hul kuns en kunsoorwegings gebruik en is dikwels deur waarneming en sistematiese ondersoek genader. ✓
- Die rasionele benadering wat deur hierdie kunstenaars gesien word, verskil baie van die suiwer geloof-geïnspireerde artefakte en ontwerpe kan die Middeleeuse en Gotiese tydperke insluit. ✓
- Daar was gefokus op direkte waarneming en die akkurate weerspieëling van die natuur. ✓
- Daar was baie gefokus op idealisme en perfeksie. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)

- Ontwerp gedurende die tydperk word gekenmerk deur naturalisme; ✓ die organisasie van die ruimte; ✓ die gebruik van perspektief; ✓ 'n herlewing van die klassieke ideale en motiewe. ✓
- Renaissance argitektuur beklemtoon harmonie en balans. ✓ Dit is bereik deur simmetrie, wiskundige meetkunde, skaal en proporsie in die Griekse tradisie. ✓ Argitektuur van die tyd sluit kolomme, halfkoepels ✓ en halfsirkel boë in. ✓
- Visuele estetiese voorkoms was belangrik vir die Renaissance kunstenaars, ontwerpers en argitekte. Harmonie en balans was beklemtoon. Simmetrie, wiskundige meetkunde, skaal en proporsie volgens die Griekse tradisie is gebruik. ✓ Gedurende die tydperk is kolomme en koepels in argitektuur gebruik. ✓
- Gebou ontwerpe is dikwels vierkantig of reghoekig met die klem op simmetrie. ✓ Fasades was oor die algemeen simmetries rondom 'n vertikale as gerangskik. ✓
- Meubelontwerp is getrou aan die doel van die hout, ✓ en was dikwels versier met mitologiese of Bybelse figure. ✓ Okkerneuthout was 'n algemene hout van kaste. ✓
- Houtkiste en beddens was van die vernaamste meubelstukke tydens die Renaissance tydperk. ✓
- Meubelontwerpe sluit inlê panele van hout in, asook gedetailleerde beelde van tonele uit die natuur en die alledaagse lewe. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Beddens wat van tou en hout gemaak is, was ook baie gewild. ✓
- Die Renaissance tydperk is ook bekend vir sy baie fyn tapisserie. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)

Ontwerper en 'n ontwerp: (Ken 1 punt toe)

- Juwele: 'Pendant' deur Hans Holbein (c. 1532–1543). ✓
- Argitektuur: 'St Peter's Cathedral' deur Michelangelo, (Rome), (1546–1564) ✓
- Gravering:'The temptation' deur St. Anthony deur Schongauer,(c. 480–1490) ✓
- Produkte: 'Canopied ceremonial bridal bed' deur Pieter Kolding, (c. 1640–1650)✓
- Houtsnee werk: 'Four horsemen' deur 'Apocalypse by Albrecht Durer van 1498 ✓
- Argitektuur: 'Dome of Florence Cathedral' deur Filippo Brunelleschi, (1420)✓ (1)

(20)

**EN/OF**

**ART DECO**

Die tydperk/styl in konteks: (Ken 1 punt toe)

- Art Deco het sensasionele, sorgvrye moderne leefstyle en gewaagde nuwe ontwerpe behels. ✓
- Hulle was gefassineerd deur spoed, tegnologie en antieke kultuur. ✓
- Hulle het probeer ontsnap van hulle alledaagse leefstyl deur 'n onwerklike omgewing te skep. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Doelwitte: (Ken 1 punt toe)

- Om die eise van die masjien era en die gebruik van nuwe materiale vir massaproduksie te vervul. ✓
- Om 'n nuwe styl vir 'n nuwe era te skep. ✓
- Om goeie gehalte, praktiese, massa-vervaardigde produkte van innoverende, industriële materiale te skep. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (1)

Invloede: (Ken 2 punte toe)

- Vroeë 20ste eeuse skilderye en bewegings, met spesifieke verwysing na: -
  - Kubisme (abstraksie, distorsie en vereenvoudiging) wat lei tot die gebruik van reguit lyne, die zig-zag en laag op laag geometriese vorms. ✓
  - Konstruktivisme met sy abstrakte vorms en die gebruik van nie – tradisionele materiale (bv. perspeks) en die industriële metodes van sweiswerk. ✓
- poed en tegnologie – die ontwikkeling van die masjien; die motor en vliegtuig en die studie van aërodinamika. ✓
- Afrika-kuns en die Amerikaanse jazz-kultuur. ✓
- Egiptiese motiewe (die lotusknop en die papirus) ✓
- Aztec- en ander Indiaanmotiewe (die aztec 'ziggurat' trap-vorm) ✓
- Die oppervlak effekte en tegnieke van oosterse kuns (lae oosterse lak bv. 'Shellac'), ✓ en die gebruik van pêrels, skilpaddop, slangvel en haaivel. ✓
- Die Russiese ballet met hul gebruik van briljante kleure en patrone in die kostuumontwerpe. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die wêreldwye beweging, Modernisme, met die klem op nie-verteenwoordigende motiewe, skoon lyne en suiwer geometriese vorms (later bekend as die Art Deco-beweging). ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

<u>Karaktereienskappe</u>: (Ken 5 punte toe)

- Temas: Egiptiese motiewe, enige iets populêr en gewild was en die Jazz Era ✓
- Motiewe: Sonstrale, zig-zags ✓
- Kuns en beeldhouwerk van Afrika met hul vreemde verwringings en ingewikkelde oppervlakke. ✓
- Vliegtuie, treine, karre – ’n obsessie met reis en spoed. ✓
- Die profiel van mode en die vroulike figuur. ✓
- Vorm: Die klem was op plat, 2-D ontwerpe. ✓
- Vorms/Spasie: Gestileerd en dekoratief. ✓
- Kleur: Eenkleurig, sterk, eksotiese kleure met geen tonale modellering van kleur. ✓
- Sterk klem is geplaas op lyn – bv.. Meetkundige waaiermotiewe, sonopkomstrale. ✓
- Tekstuur: Ryk, met groot aandag aan die spel van ’n verskeidenheid oppervlaktekstiele, teksture wat kontrasteer met gladde en glinsterende areas van metaalglans. ✓
- Art Deco-meubels is vaartbelyn in hul ontwerp. Dit het ’n moderne en slanke voorkoms, maar is gemaklik. ✓
- Hulle het eksotiese houtsoorte gebruik, bv. Kubaanse Mahonie, Ebbehout en Olyfhout. Hout was dikwels vernis. ✓
- Hulle het gebruik gemaak van inlegpatrone van verskillende hout in die maak van meubels. ✓
- Art Deco het simmetriese balans in hul ontwerpe gebruik. ✓
- Dit is ’n eklektiese styl en het van vorige style geleen. ✓
- Art Deco kombineer dikwels sirkel- en hoekige vorms in hul meubels. ✓
- Juwele: ’n Groot verskeidenheid juweliersware is geproduseer deur kosbare en halfedelstene te gebruik. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (5)

<u>Ontwerper en ’n ontwerp</u>: (Ken 1 punt toe)

- Argitektuur: Die ‘Chrysler Building’ – deur William van Alen ✓
- Plakkaat: ‘Fast Forward’ deur Cassandre ✓
- Plakkaat: ‘Normandie’ deur Cassandre ✓
- Meubels: ‘Art Deco Club’ stoel – deur Donald Deskey ✓
- Tekstiele: ‘Dalmations’ – deur Violetta Janes ✓
- Teestel: Oggend tee stel – deur Clarice Cliff ✓
- Teestel: Art Deco-silver teestel met ivoor handvatsel – deur Edward Vines ✓ (1)

**Gee krediet aan enige geldige en ondersteunde antwoord (2 x 10)** (20)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| V4.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming / Herroep / Verduidelik Begrip | 30% | Deel van 4.1 | 6 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering / Regverdig | 30% | Deel van 4.1 | 6 |

4.2 4.2.1 **(Ken 2 punte toe)**
FIGURE B verteenwoordig De Stijl ✓
FIGURE C verteenwoordig Dekonstruktivisme ✓ (2)

4.2.2 **(Ken 8 punte toe)**
**Kandidate moet in paragrawe skryf en <u>nie</u> tabelvorm <u>nie</u>. Die nasienriglyn is puntsgewys geskryf om merkwerk te vergemaklik. Kandidate moet in 'n enkele opstel skryf, sonder die gebruik van kolpunte. Dit wys hul vaardigheid om te evalueer en te vergelyk deur die toepassing van feitlike inligting.**

**BALANS:**

- In FIGUUR B word slegs twee van die primêre kleure, blou en geel gebruik om in minimale areas van die swart gedeelte op die wit grond te blokkeer, wat tipies van De Stijl is. ✓ Die groter hoeveelheid wit, visueel ligter ruimte balanseer die kleiner, visueel swaarder areas van swart en primêre kleure. Die Stijl-ontwerpers het geglo in balans, harmonie, orde, logika en suiwerheid. ✓ Die De Stijl-geïnspireerde rok wys nie gelyke spasies en ruimte van patrone nie, aangesien die kleure kan lei tot 'n vervelige ontwerp, maar eerder is die verdeling van die kleurblokke minder gelyk en lei tot 'n harmoniese balans en verhoudings tussen die verskillende blok patrone. ✓

- In FIGUUR C word visuele spanning geskep tussen die gefragmenteerde en ongebalanseerde vorms van die kledingstuk. ✓ Die aard van dekonstruksie is nie om 'af te breek nie', maar eerder om die spanning en verhouding tussen verskillende kragte te toon. ✓ Ons glo gewoonlik dat klere gestruktureerd en elegant om ons liggame moet lyk. Nie gefragmenteer en onstabiel wat 'n gevoel van onsekerheid, ongemak of angs skep nie. ✓ Hierdie Dekonstruksie kledingstuk toon tipies 'n deel van die kledingstuk wat onafgehandeld is en die tradisionele struktuur en produksie metode van 'n mode-item geïgnoreer word. ✓ Wat die kledingstuk onder die baadjie betref, wat onder die knie van die model hang, lyk dit na wanbalans, aangesien meer van die model se lyf blootgestel word as wat 'n lang kledingstuk gewoonlik sou wys. Hierdie gefragmenteerde kledingstuk, behalwe vir sy lang snit, is gemik om 'n visuele styl te skep wat die onsigbare verhoudings tussen opponerende elemente verteenwoordig. Die kyker word gelei om 'n gevoel van spontaniteit en verrassing te ervaar. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VERHOUDING/SKAAL:**

- In FIGUUR B kan proporsionele verhouding gesien word waar die groter wit verhouding van die kledingstuk vergelyk word met die kleiner areas teenoor die swart en primêre kleure. In die styl maak hulle gebruik van suiwer geometriese vorms. ✓ Ontwerpe is abstrak en minimalisties. ✓ Die blokvormige patroonontwerp van die kledingstuk is groot en oorheersend in verhouding tot die kort mini-rok, wat 'n dramatiese, sterk en opvallende voorkoms skep. ✓ Die proporsie van die wit kant materiaal is groter in vergelyking met die breë swart en primêre kleure wat in die blokpatroon. ✓

- In FIGUUR C bestaan die oorbaadjie/jas uit meer stof as die ondertuniek wat gefragmenteer is en meer lospassend hang tot onder die knie van die model. ✓
- Die verhouding tussen hierdie twee materiale van die uitrustings vertoon tipiese eienskappe van dekonstruktivisme waar daar dikwels van teenstrydige idees of verhoudings gebruik maak. Hierdie dekonstruktivistiese kenmerk wat daarop gemik is om 'n visuele styl te skep wat die onsigbare verhouding tussen opponerende elemente verteenwoordig. ✓ Dit veroorsaak 'n gevoel van onsekerheid, ongemak, skok en ontwrigting. ✓

**BEWEGING:**

- In FIGUUR B word die basiese geometriese vorms gekombineer met abstrakte en eenvoudig vorm, 'n tipiese kenmerk van De Stijl, maar is tog ook treffend om die kyker se oog te laat spring van een blokkie kleur na die volgende met die gebruik van sterk, kontrasterende kleure. ✓ Die skepping het 'n visuele kragtige effek. ✓

- 'n Kenmerk van Dekonstruksie wat hier in FIGUUR C se onderklere vertoon word, is verplaaste, verwronge vorms wat herhaal word. Dit skep die illusie van ritme. ✓ Die teorie van Dekonstruksie word gekenmerk deur idees van fragmentasie en het gewoonlik die kenmerk van iets wat uitmekaar wil val. ✓ In Dekonstruksie lyk dit of die spasie en ruimte 'n gevoel van beweging en dinamika skep met 'n diagonale fokus. Dit gee 'n gevoel van visuele chaos. ✓

**FOKUS/KLEM/DOMINANSIE:**

- In FIGUUR B val die klem/fokus op die swart blokkies-ontwerp van die rok wat bestaan uit vertikale en horisontale lyne met 'n blou en geel agtergrond. Hierdie suiwer geometriese vorms is 'n tipiese onderwerp van die De Stijl-beweging. ✓ Die kleure is eenkleurig in tonale waarde en kontrasteer teen die sagte wit kant agtergrond. Hierdie minimalistiese kleurpallet is tipes van die De Stijl-era: Suiwer primêre kleure met wit en swart. ✓ Die sterk kontras van kleur en tekstuur skep 'n algehele fokus op die blokpatroon, hoewel daar nie een sentrale fokus punt is, word die klem geplaas op die vereenvoudiging van ontwerperselemente. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Aangesien in FIGUUR C die gefragmenteerde oop gedeelte van die kledingstuk die fokuspunt is, word die kyker se oog dadelik na die gedeelte getrek in kontras met die ligte kleur van die model se liggaam wat deur die oop gedeeltes van die swart ten toon gestel word. ✓ Dit lei tot die element van verrassing of skok, aangesien dit die oop dele beklemtoon en onverwags is. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige en ondersteunde feite**. (8)

**[10]**

| V4.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroeping Begrip | 30% | Deel van 4.2.1 Deel van 4.2.2 | 2 + 1 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 4.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 30% | Deel van 4.2.2 | 3 |

**TOTAAL AFDELING B: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: ONTWERP IN ’n SOSIOKULTURELE/OMGEWINGSFAKTOR EN VOLHOUBARE KONTEKS

- **Reflekteer krities oor hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm. kies DRIE bekroonde kontemporêre internasionale ontwerpers wie se werk die omgewingsverantwoordelikheid demonstreer.**
- **Wys begrip vir die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en estetiese kwessies te versterk of uit te daag. Bestudeer DRIE twee- en/of driedimensionele Suid-Afrikaanse en Afrikahandwerk, wie se werk sosiale verantwoordelikheid demonstreer.**
- **Demonstreer maniere waarop ontwerp gebruik kan word om die samelewing te bevoordeel.**

**VRAAG 5 (20 punte)**

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 5.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Sosiale verantwoordelike ontwerp is ontwerp wat die ontwerper se rol en verantwoordelikheid op ’n sosiale vlak na vore bring ✓; en deur die gebruik van die ontwerpproses die verantwoordelikheid op ’n sosiale vlak in ag neem. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (2)

**(Ken 4 punte toe)**

- Die Bamboes-huise gesien in FIGUUR A is volhoubaar as hulle gebou is van bamboes wat sonder omgewingsfaktore agteruitgaan. Bamboes regenereer natuurlik, self met nuwe lote, en met gereelde oeste van volwasse hout. Bamboes regenereer voortdurend met nuwe lote, selfs met gereelde oordrag van volwasse hout, waardeur die bamboes volhoubaar vir die aarde word en om die mense te bevoordeel. ✓
- Die bamboes is plaaslik en goedkoop om te oes en is dus ’n bekostigbare alternatiewe boumateriaal vir die meerderheid van die armer samelewings in Suidoos-Asië. ✓ Bamboeshuise is maklik om aanmekaar te sit op enige terrein en is goedkoop. ✓
- Bamboes kan gebruik word vir boudoeleindes sonder die gebruik van gevaarlike giftige chemikalieë wat die natuur en die mens benadeel. Bamboes kom van die natuur en word teruggee aan die natuur in ’n natuurlike siklus wat dit ’n veilige woning maak. ✓
- Bamboes is ’n natuurlike antibakteriese plant, daarvoor kan dit gebruik wors as boumateriaal wat verseker dat dit nie siektes sal dra. ✓
- Die huise wat in FIGUUR A gesien word, is ontwerp om geweldige oorstromings wat in suidelike Asië voorkom, te weerstaan. Bamboes is waterbestand dus ’n geskikte materiaal vir die bou van hierdie huise. ✓
- Die sterkte, buigsaamheid en ligte gewig van bamboes maak dit ook ’n geskikte materiaal vir die bou van huise wat oorstromings moet kan weerstaan. Veiligheid is van allergrootste belang vir die mense in hierdie ernstige vloedgebiede. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die gebruik van bamboes vir die bou van hierdie huise en ook die hergebruik van oliedromme, maak dit ŉ ontwerp met ŉ lae koolstofvoetspoor. Geen groot masjinerie word gebruik vir die konstruksie van hierdie huise nie, wat lei tot relatief lae energieverbruik en amper geen besoedeling. Hierdie konstruksie stel ook die huise in staat om veilig te dryf tydens die oorstromingseisoen. ✓
- Die argitekte het die gemaklikheidsfaktor van die inwoners oorweeg. Met die warm, vogtige klimaat van Suidoos-Asië het die dakontwerp driehoekige uitkykpunte wat in alle rigtings oopmaak. Dit skep natuurlik kruisbome en skaduwee. ✓ Die inwoners word beskerm indien onstuimige weer kom deur die dakstukke te sluit. ✓
- Inwoners kan hul eie plante plant in die vertikale bamboesplanters wat aan albei kante buite die mure is ingerig is. ✓
- Reënwater-besproeiingsisteme is in plek wat die vertikale bamboesplanters besproei. ✓

**Gee krediet aan enige geldige en redelike antwoord.** (4)

5.1.2 **(Gee ŉ totaal van 14 punt vir een opstel oor TWEE ontwerpers.)**
Kandidate moet kies tussen ŉ Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpers-groep EN ŉ internasionale ontwerper/ontwerpersgroep. Die groep/groepe moet besorg wees om veranderinge in enige sosiale kwessies te bring. Sosiale onreg, rassisme en marginalisasie.

**Neem kennis: ŉ Leerder mag enige voorbeeld van die LTSM soos voorgeskryf in die LPG (d.w.s. die Woolworths Boek *'Leef met daaglikse ontwerp'* of '*Kunsvlyt in kuns in SA'* deur E. Coetzee)**

**<u>VOORBEELD VAN ŉ PLAASLIKE ONTWERPER/ONTWERGROEP</u>**

**STREETWIRES** (Ontwerp groep)

HULLE DOEL IS OM:
- Die probleme van werkloosheid en probleme in Suid-Afrika aan te spreek. ✓
- Om ŉ betekenisvolle langtermyn werksgeleenthede in Suid-Afrika te skep ✓
- Om die lewensgehalte te verbeter deur die voorsiening van werkplek, permanente indiensneming, ŉ sin vir ŉ doel in die lewe en toegang tot vaardigheidsopleiding en persoonlike ontwikkeling. ✓

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID:
- Die maatskappy is van mening dat die grootste hindernis in ons land werkloosheid is:
  - Dit is die hoof-oorsaak van talle maatskaplike probleme soos armoede. ✓
  - Dit belemmer gemeenskapsgroei en -ontwikkeling. ✓
  - Hulle is van mening: as die verbetering van die lewe van Suid-Afrikaners deur ŉ werkplek, permanente indiensneming, ŉ sin vir doel en toegang tot vaardigheidsopleiding en persoonlike ontwikkeling, Suid-Afrika ŉ beter plek vir almal sal wees. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Streetwiresopleiding en -ontwikkeling is ŉ nie-winsgewende maatskappy. Hulle hoofdoel is om spesifieke gemeenskappe op te hef deur vaardigheidsopleiding te verskag, individuele kunstenaars te ontwikkel en uitreikingsinisiatiewe en weeshuise, skole en arm gemeenskappe te skep. ✓
- Die besigheid fokus op die vervaardiging van straatdraadkuns, ŉ unieke Suid-Afrikaanse produk. ✓ Die mees waarskynlike oorsprong van hierdie kunsvorm het sy oorsprong in die landelike gebiede van Maputuland en Zimbabwe, waar arm kudde-seuns hul eie speelgoed geskep het van ou draadhangers, blikkies en alles wat hulle kon vind. ✓ Nuwe draadkunsontwerpe word geskep deur ŉ ontwerperspan en sodra ontwerp goedgekeur is, word ŉ prototipe ontwerp gemaak en oorgedra aan die draadkunstenaars wat as ŉ span werk om die produk te produseer. ✓ Die Kaapstadse ateljee werk as ŉ besigheid gebaseer op kwaliteitkontrole, om hoë standaarde te handhaaf en te verseker die spanleier die ontwerp presies soos die prototipe lyk. Die produkte moet ŉ deurlopende gehaltebeheerproduksielyn slaag voor dit vrygestel mag word.
- Produkte wat ontwerp word, is beide dekoratief en funksioneel soos kralewerkpromosie-items en geskenke (bv. sleutelringe, logo sleutelringe, sakekaarthouers ens.). Werkende radio's, verskillende modelle van motors in draad- of kraledraadwerk, diere, voëls en menslike beeldhouwerk. ✓ Die tegniek van draadkuns oorheers, insluitend materiale soos krale, blikkies en bottel doppies. ✓

REEKSE:

- Die vorms en fatsoen van die produkte is hoogs gestileerd en baie vereenvoudig. ŉ Element van eienaardigheid en humor kom voor. ✓ Helder kleure en eenvoudige, kronkelende buitelyne oorheers. ✓ Dit kan gesien word in voorbeelde soos: die kralewerk draad borsbeelde van Madiba/Hoopoo voël/Ooievaar/Skape en Nguni-beeste. ✓
- Streetwires het vyf produk reekse geproduseer, naamlik:
  - 'Streetwires Custom': Unieke produkreekse vir geleenthede en korporatiewe handelsmerke;
  - 'Streetwires Generies': kleinhandelstrokies wat die grootste persentasie van hul inkomste verseker;
  - Streetwires Versameling': Teiken die hoë-end-ontwerp en dekormark;
  - 'Die Handtekening Reeks': Bevorder die name van die maatskappy se beste kunstenaars (bv. Meesterdraad kunstenaar Elias Kahari en die ontwerper Michaela Howse) wat hulle produkte in deftige winkels verkoop;
  - 'Die Fyn Kuns Versameling': een man uitstallings waar versamelings onder hulle eie name vertoon word. ✓

VORMING/IMPAK OP DIE SAMELEWING:

- Die reeks hierbo dra almal by tot die ekonomie van Suid-Afrika op hulle eie unieke manier wat hulle spesifieke teikenmark is. Dit skep dinamiese maniere waarop die land se produkte bevorder kan word na oorsese markte. Die bevordering van die handewerk en vaardighede van hierdie land en uiteindelik die verskaffers van meer werksgeleenthede vir die plaaslike gemeenskap. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VOORBEELD VAN SY WERK:: 'TROTS SUID-AFRIKAANSE LOGO : 'TROFEE' ✓

- Die Trots Suid-Afrikaanse-veldtog is 'n Suid-Afrikaanse plaaslike 'bemarkingsveldtog' en -logo. ✓
- In die Streetwirestrofee skepping word die agterkant van 'n hand vertoon, op 'n klein voetstuk. Die hand hou 'n 'Trots Suid-Afrikaanse logo' vas. ✓
- Die regmerkie in die logo is die universele 'n simbool om kwaliteit en goedkeuring aan te dui. ✓
- Die kleure vertoon die Suid-Afrikaanse vlag. Die blok in die logo wys weereens die kwaliteit en goedkeuring van die endossement. ✓
- Die organiese vorm van die hand is in teenstelling teenoor die geometriese vorms van die logo. ✓

**VOORBEELD VAN 'n INTERNASIONALE ONTWERPER**

**BJ KRIVANEK** (Ontwerper)

SY DOELWITTE IS:

- Voeg publieke en poëtiese dimensies aan die oorvloed van kommersiële boodskappe in 'n moderne stedelike landskap. ✓
- Krivanek integreer teks in 'n geboude omgewing. ✓

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID:

- Ontwerp monumente wat verskillende groepe vier wat deur die samelewing geïgnoreer of opsy gestoot is. ✓
- Hy gee 'n stem aan die 'beleerde en gestigmatiseerde stedelike gemeenskappe' as 'n manier om na hulle uit te reik en waarde te gee. ✓

INVLOEDE OP SY WERK:

- Hy kry sy inhoud vir sy projek deur die geskiedenis van die area waar hy werk te bestudeer deur uit te reik na die gemeenskap. ✓
- Hy laat die tradisie van die inskripsie op klassieke publieke geboue herleef wat vir honderde jare teks op gehad het om instruksies te gee en te herdenk. Die goed geplaaste klassieke inskripsies was gewoonlik in hoofletters gedoen en geskryf deur mense wat in leierskapposisies was of dominante sosiale groepe. ✓

METODES:

- Hy kombineer beeldhou, argitektuur en ontwerp en maak omgewingstellasies wat die onsigbare buitestaander herdenk eerder as bekende mense. ✓
- Krivanek maak gebruik van verskynsels soos lig, refleksie, skaduwees en projeksies in sy werke. ✓
- Materiale soos glas, aluminium, vlekvrye staal en sement word geïnkorporeer. ✓
- Krivanek se teks is vrygewig gespasieer en baie versigtig rangskik in lyne om die egte waarde van die boodskap te behou. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Lettertipes hou by die omliggende argitektoniese strukture se style om die geskiedenis en die karakter van die area te reflekteer en om daardie area 'n stem te gee. ✓
- Sy temas gee nie instruksies nie; in plaas daarvan reflekteer dit kontemporêre sosiale kwessies en sy boodskap gaan teen die amptelike hedendaagse siening. ✓
- Hy werk met 'n span medewerkers. ✓

VORMING VAN DIE SAMELEWING:

- Hy versterk mense se gevoel oor die area waar hulle woon. ✓
- Hy vermeerder mense se kennis oor die geskiedenis van 'n plek en die gebeure wat daar plaasgevind het deur enkele woorde. ✓
- Hy laat mense krities dink oor hulself en situasies in 'n positiewe wyse. ✓
- Die argitektoniese werke vertoon altyd 'n emosionele en sensitiewe verband met die fisiese mens. ✓
- Die werke moedig dikwels innerlike gevoelens en terug blik van die kyker aan. ✓
- Sy omgewingskomponente meng beeldhouwerk, argitektuur en ontwerp om die onsigbare buitestaander te gedenk eerder as prominente figure te sien. ✓

VOORBEELD VAN 'n ONTWERP: :'THE 9/11 MEMORIAL, LAX AIRPORT' ✓

DOEL:

- Om die tragedie van die terroriste-aanval op die Verenigde State van Amerika te herdenk. Drie van die vier gekaapte vlugte was oppad na LAX. ✓
- Om die gemeenskap se kollektiewe verlies te reflekteer en die hoop wat uit die nasie se nasionale identiteit ontstaan het. ✓

METODES:

- Besoekers aan die gedenkteken betree ook 'n verhoudingsdrempel wat graveer is met die woorde: 'Dogter, Buurman, Burger'. et al om die ingeboude, versterkte fontein te benader. ✓
- Aan die rand kan besoekers die drywende, reflekterende bord beweeg om die wisselwerking tussen nasionale persepsies te aktiveer. Gegraveer: 'United We Stand'. 'Sea to Shining Sea, Home of the Brave'. et al. Teenoor kern-Amerikaanse regte en ideale – Gegraveer: 'Privacy, Habeas Corpus, Assembly', et al. wat die nasionale dialoog wat deur die aanvalle veroorsaak word, voorstel. ✓
- Aangeteken op die drywende spieël bord, wat snags opwaarts weerspieël word, is die persoonlike eienskappe van die slagoffers – Gegraveer: 'Beloved, Equal, Strong, Honest', et al – bewyse van die diverse Amerikaanse burgerskap en die eienskappe wat hul nasionale identiteit vorm. ✓ Soos 'n boodskap in die nag simboliseer hierdie konstellasie die oorblywende 'afterlife' van die slagoffers. ✓ Op die bord in verskillende tale is algemene Amerikaanse frases soos: 'American Dream', wat wêreldwyd bekend is geskryf. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die gesegmenteerde plate van die bak wys ook die verdeling van hierdie frases wat die verbreking van die Amerikaanse ideologie as gevolg van die gebeurtenis verteenwoordig. ✓

- Die gedenksteen is gebou bo-op 'n bestaande fontein – die plate beweeg voortdurend weens die beweging van die water waarop die bak dryf. ✓

**Gee krediet aan enige relevante voorbeelde en inligting.** (14)

**[20]**

| V5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming / Recall, Begrip | 30% | Deel van 5.1.2 | 5 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 5.1.1 Deel van 5.1.2 | 4+5 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 30% | Deel van 5.1.1 Deel van 5.1.2 | 2+4 |

**OF**

5.2 5.2.1 **(Ken 2 punte toe)**

FIGUUR B word as ontwerp geskou.
In die ontwerp, streef die ontwerper om iets te verbeter of iets nuut te maak wat die kwaliteit van ons lewens kan verbeter. 'n Ontwerper kyk na nuwe metodes of die herontdek van ou metodes om iets nuut en innoverend te maak. ✓
Handewerk kan gedefinieer word as die maak van individuele items. Die maak van 'n reeks nuttige en/of dekoratiewe voorwerpe wat hoofsaaklik met die hand geskep is. Hierdie spesifieke materiaal en vaardigheid is as goeie afwerking gesien. ✓
Die ontwerp 'The Crochet Lamp' in FIGUUR B is vervaardig uit die ou vaardigheid van hekel. Meer as net een van die lampe is waarskynlik vervaardig en die hekel tegniek is op 'n kontemporêre manier gebruik om hierdie produk as ontwerp te kategoriseer. ✓
**Gee krediet aan enige geldige en redelike antwoord.** (2)

5.2.2 **(Ken 8 punte toe)**
**Kandidate moet kies tussen EEN van die tradisionele kunsvlyt: isiZulu mandjiewerk, isiZulu pottebakkery, isiZulu kralewerk of IsiXhosa-kralewerk.**

VOOBEELD: **isiZULU KRALEWERK**

OORSPRONG EN TRADISIONELE GESKIEDENIS:

- Port Natal (nou Durban) was een van die eerste gebiede waar handel tussen die Noord AbaNguni (amaZulu) en die Britte rondom 1824 plaasgevind het. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Meeste van die handel is gedoen met die amaZulus wat buite die koninkryk van die amaZulu gewoon het. Beide Shaka en Dingaan het die handel van krale binne die koninkryk beheer en bepaal. ✓ Dingaan het besonders baie van rooi klare gehou asook wit en donkerblou. ✓
- IsiZulu-kralewerk is met hul sosiale organisasies, tegnieke en gespesialiseerde vakmanskap, godsdienstige geloof, opvoedkundige doelwitte en kommunikasie geïntegreer. ✓
- Die kunsvlyt vorm ’n ingewikkelde kommunikasiestelsel wat heeltemal toegewy is aan die uitdrukkings van idees, gevoelens en feite wat verband hou met gedrag en verhoudings tussen die geslagte. ✓

FUNKSIES EN SOSIALE ROL:

- Krale-voorwerpe vorm ’n belangrike deel van tradisionele Afrika-rokke. ✓ Dit word gedra vir spesiale geleenthede, soos troues, feeste en om van die geestelike krag, status of stadiums van die lewe van ’n persoon te vertel. ✓

MATERIALE EN METODES:

- In Afrika word sade, neute, skulpe, bene, kloue, tande, hout, metaal, klip en goud gebruik om krale te maak. ✓
- Glaskrale uit die Ooste, wat ongeveer in die 2de eeu AD na Suider-Afrika gebring is deur Indiese en Arabiese handelaars, is gebruik.
- Kralewerk is as ’n sosiale en ontspannings aktiwiteit gesien in groepsverband.
- Kralewerk is geweef deur die vrouens vir hulself en hul families. ✓
- Kralewerk is ’n manier om sonder woorde te kommunikeer. ☑ Dit word gedoen deur middel van patrone, style en kleure. ✓
- Boodskappe word geweef in dekoratiewe meetkundige ontwerpe, met besondere simboliek. ✓
- Dit kan gesien word deur die kleur simbole en patrone. Die betekenis word beïnvloed deur die kombinasie of rangskikking van sekere kleure. ✓

BESKRYWING VAN EEN VOORBEELD: IsiZulu-liefdesbrief

- Dit bestaan ’n klein kralewerkband met ’n flap wat om die nek gedra word. ✓ Die flap bevat ’n geometriese ontwerp wat bestaan uit ’n driehoeke ontwerp in verskillende kombinasies wat verband hou met manlike/vroulike verhoudings. ✓
- Die kralewerk ‘liefdesbrief’ is deur die vrou gebruik om met hul mans te kommunikeer. Die interpretering is amper soos om die Zoeloe-taal te verstaan. ✓ Die kode is egter baie eenvoudig. Dit gebruik die basiese meetkundige figuur van die driehoek en gewoonlik ’n maksimum van sewe kleure. ✓ Die drie hoeke verteenwoordig vader, moeder en kind. ✓ Sosiale konvensies beïnvloed dikwels die kombinasies of reëlings wat die betekenis van kleure en die meetkundige figure bepaal. ✓ Wit verteenwoordig die geestelike liefde, suiwerheid en maagdelikheid. ✓ Rooi is veral ’n belangriker kleur en Zoeloe-meisies sluit dit in die kralewerk-liefdesbriewe wat hulle na hul kêrels stuur. ✓

**Gee krediet aan enige geldige en redelike antwoord.** (8)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


5.2.3 **(Ken 10 punte toe)**
**LADUMA NGXOKOLO – Breiwerk ontwerper, Port Elisabeth**

- Laduma Ngxokolo bekende breiwerk ontwerper wat al vele toekennings gekry het. Laduma Ngxokolo word beïnvloed word deur tradisionele isiXhosa-kralewerk. ✓
- Ngxokolo se doelwit is om breiwerk te ontwikkel wat die identiteit van die amaXhosa-'amakrwalas' weerspieël nadat hulle die besnydenis skool bygewoon het waar hulle geïnisieer is tot volwassenheid. ✓
- Hy beoog om klein swart gemeenskapsboere te ondersteun deur plaaslike merino wol en sybokhaar te gebruik. ✓
- Deur plaaslike sybokhaar in sy produkte te gebruik, beoog hy om indirek by te dra tot die markaandeel van die plaaslike inwoners. ✓
- Hy beoog om gebreide truie te produseer, wat nuwerwets en aantreklik vir die 'amakrwalas' is, maar wat nog steeds as deel van die isiXhosa-kultuur geïdentifiseer word. ✓
- Hy beoog om geleenthede te skep vir indiensneming en besigheidsondernemings in die sybokhaar-, wolbedryf- en breibesighede. ✓
- Om sy reekse na ander lande uit te voer. ✓
- Hy beoog om goeie gehalte, outentieke Suid-Afrikaanse ontwerpe te skep. Hy gee sorgvuldige aandag aan patroon en kleur. ✓

INVLOEDE:
- Ngxokolo was grootliks deur sy ma beïnvloed, met haar kunsvlyt en kralewerk. ✓
- Elke jaar woon honderde amaXhosa-seuns wat agtien tot drie-en-dertig is, die manlikheidsinisiasie-ritueel by, by die besnydenisskool. Die ou klere van die ingewydes, bekend as 'amakrwalas', word weggegee as 'n teken van die einde van hul puberteit. Hulle ouers is verplig om by rituele te hou en hulle koop hoëgehalte meetkundige breiwerk wat uit die weste ingevoer word. Nadat hy die isiXhosa-inisiasie self ervaar het, het Ngxokolo gevoel dat daar geen gebreide handelsmerke was wat 'n estetiese ooreenkoms met isiXhosa-tradisie gehad het nie en daarom self besluit het om 'n verskeidenheid gebreide kledingstukke spesifiek vir ' amakrwala' te ontwikkel. ✓
- Kralewerk vorm so 'n belangrike deel van die isiXhosa-kultuur asook Ngxokolo se kultuur as 'n jong isiXhosa-man. Ngxokolo het kralewerk as inspirasiebron verken, wat maklik in patrone kan vertaal word vir sy unieke breiwerk. ✓
- Kleure speel ook 'n belangrike rol in die isiXhosa-kultuur. Ngxokolo kies die kleure vir sy breiwerk noukeurig om die isiXhosa-kultuur te verteenwoordig. ✓

KARAKTEREIENSKAPPE:
- Hy maak gebruik van plaaslike merino wol en sybokhaar vir sy breiwerk. ✓
- isiXhosa-kralewerk is een van die belangrikste praktyke van die isiXhosa-kultuur en bestaan hoofsaaklik uit meetkundige motiewe soos die pyl, byl, diamant en die zigzag-patroon. Hierdie ontwerpe kan almal maklik in breiwerkpatrone vertaal word. ✓
- Die breiwerk met die geometriese patrone, weerspieël die amaXhosa-tradisionele identiteit. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Ngxokolo skep kleurmonsters sodat die wol en sybokhaar gekleur kan word in die korrekte kleurspesifikasies. ✓
- Ngxokolo het sy handelnaam 'MaXhosa by Ladume' genoem omdat hy die verstommende skoonheid van die Xhosa-mense wou wys en dit op 'n moderne manier wou weergee, veral op die huidige jeug wat baie beïnvloedbaar is deur internasionale tendense. ✓
- Van al die briljante ontwerpers in Suid-Afrika is sy werk gekies as deel van die versameling top Suid-Afrikaanse ontwerpe om die uitstalling in Helsinki tydens die Wêreldontwerp vieringe in 2012. ✓
- Breiwerkstyle van truie, 'waterfall cardigans' en v-nek truie, 'shawl collar necks', 'pull-over's' & 'crew-neck' truie word geproduseer. ✓
- Geïnspireerd deur sy oorlede ma, wat 'n groot patriot van die Xhosa-erfenis was, het Ngxokolo sy versameling van 2013 ' My Erfenis My Erfgenaam.' Die klere word gemaak met behulp van tradisionele materiale en met moderne masjinerie in 'n fabriek in Kaapstad. ✓
- In kontemporêre dekor, werk Ngxokolo ook saam met binnenshuise versierders. Met sy breiwerk op 'n stoel wat soos 'n Afrika-pot lyk. ✓
- Onlangs het Ngxokolo uitgebrei en vervaardig nou matte met patrone asook kussings en komberse. ✓
- Hy het sy handelsnaam uitgebrei en het nou 'n vroue-reeks begin genaamd 'Buyele'mbo'. ✓

**Gee krediet aan enige feitlike en redelike antwoord.** (10)

**[20]**

| V5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEID | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Waarneming / Herroep / Begrip | 30% | Deel van 5.2.2<br>Deel van 5.2.3 | 3+3 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 5.2.1<br>Deel van 5.2.2<br>Deel van 5.2.3 | 1+3+4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | Deel van 5.2.1<br>Deel van 5.2.2<br>Deel van 5.2.3 | 1+2+3 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6 (Ken 20 punte toe in totaal)**

6.1 **(Ken 6 punte toe)**

Die ontwerp in FIGUUR A word as ŉ goeie voorbeeld van sosiale en ook volhoubare omgewings ontwerp gesien, vir die volgende redes:

- Dit is gemaak van 100%volhoubare inkopie-sakke. Ons stortingsterreine is oorvol met nie-bioafbreekbare afval, sodat hierdie eko-vriendelike skooltasse, wat van vooraf gebruik word, ŉ unieke oplossing bied in die bestryding van omgewingsprobleme. ✓
- Die 'Rekatha Repurpose' skoolsak maatskappy, wat tans 20 mense in diens neem, beoog om die produksie uit te brei. Op hierdie manier is werksgeleenthede beskikbaar vir die plaaslike gemeenskap, wat dus sosiale probleme aanspreek. ✓
- Die skooltasse is gemaak met ŉ ingeboude sonpaneel aan die buitekant van die sak. Die sonpaneel laai energie gedurende die dag op, sodat in die nag aan ŉ sonkruiklamp geheg kan word, wat hul opvoedkundige behoeftes vir verlengde studietyd ondersteun. ✓
- Hierdie sonkrag lamp kan ook deur lede van die gesin gebruik word, aangesien elektrisiteit nie in hul huise beskikbaar is nie, of die koste van elektrisiteit te hoog is. So word kinders van lae inkomste families gehelp. ✓
- Die skooltasse word geskep met toegevoegde retro-reflektiewe materiaal om die sigbaarheid van die kinders te verhoog wat na die skool en huis tussen motors moet deurbeweeg. Dit is baie belangrik in ons land waar soveel kinders as voetgangers op die paaie doodgery word. ✓
- Die skooltasse behoort die skoolkinders vir ŉ lang tydperk te hou aangesien dit sterk en duursaam is. ✓
- Die skooltasse is gemaak van 100% plastiek; dit is waterdig en die inhoud sal nie beskadig word nie. Dit is ŉ voordeel vir soveel kinders wat moet loop wanneer dit reën. ✓
- Die skooltasse is nuwerwets en laat hulle waardig voel om ŉ goeie ontwerpsak te besit. ✓
- Lae-inkomste, minderbevoorregte, agtergeblewe skole in Suid-Afrika waar leerlinge lang afstande skool toe loop, en nie die basiese skoolvoorrade het nie kan voordeel trek uit die 'Rethaka Repurpose'-skooltas. ✓
- Die betrokkenheid van die gemeenskap in ŉ produk soos die, skep Ubuntu, wat positiewe verandering vir mense in lae-inkomste gemeenskappe bied. ✓

**Gee krediet aan enige ander geldige antwoord.** (6)

6.2 **(Ken ŉ totaal van 14 punte vir een opstel oor TWEE ontwerpers)**

**Kandidate moet ŉ Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpers agentskap EN ŉ Internasionale ontwerper/ontwerpers agentskap kies.**
**Hul werk moet omgewing- en/of volhoubare kwessies aanspreek.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VOORBEELDE VAN 'n PLAASLIKE ONTWERPER/ONTWERPERS AGENTSKAP:

**HEATH NASH ✓**

HOE DIE ONTWERPER/ONTWERP AGENTSKAP OMGEWING EN/OF OMGEWING VOLHOUBARE BEKOMMERNISSE AANSPREEK:
Nash gebruik draad rame en ou plastiek bottels. ✓ Hy het die idee van die hergebruik ✓ van weggooigoed opwindend gevind. Deur gebruik te maak van sy vaardighede as 'n draadkunstenaar het hy 'n reeks bruikbare ontwerpe gemaak van plastiek en afvalprodukte. ✓ Heath het hom verbind met die plaaslike omgewingsorganisasie – 'Voetspore'. Die werkers in hierdie groep is opgelei om die bottels te versamel en te was en hierdeur die omgewing skoon te hou. ✓ Nash het ook 'n nuwe maatskappy begin genaamd 'Poise'. Hulle sny en vou plastiekblomme uit die gewaste optel bottels. ✓ 'Poise' versamel en sorteer verskillende gekleurde bottels. Hy het nou 'n volhoubare bron van die meeste kleure. ✓
Hy bied ook werk aan minderbevoorregte mense. Hulle versamel bottels vir hom van rommelhope vir hom. ✓
Die plastiek word gesny met die hand dus word geen energie gebruik en geen besoedeling word deur die proses veroorsaak nie. ✓ Die afsnitte word weer na herwinners terugbesorg vir verdere herwinning. ✓

DIE TITEL EN 'n KORT BESKRYWING VAN EEN ONTWERP MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE MANIER HOE DIT OMGEWINGSKWESSIES AANSPREEK:

'FLOWERBALL'-LAMPSKERM: ✓

Die lampskerm is funksioneel, omdat dit 'n kamer oplig. ✓ Dit het ook estetiese waardes aangesien dit 'n aangename visuele ervaring bied vir enige interieur waar dit hang. ✓
Dit spreek die huidige omgewingskwessies aan omdat dit die herwinning van afvalplastiek gebruik om die lampskerm te produseer. ✓

Die lampskerm is oorheersend wit en gee 'n stil, suiwer surrealistiese kwaliteit aan die lamp. ✓ Die skaduwee is gemaak van soortgelyke blaar- en biomordiese blomblaarvorms wat uit plastiek gesny is. ✓ Sommige van die plastiek word gekleur om soos blomme te lyk. Sommige blomme het ronde driehoekige blare wat in teenstelling met die verlengde blomblare vertoon. Dit skep verskeidenheid en belangstelling in die oppervlak patroon. ✓ 'n Kalmte word veroorsaak deur die eenvoudige vorms en aaneenlopende wit kleur. Dit wit kleur word tot lewe gebring deur die beweging van die skerp punte en verskillende hoeke en die blomblaar vorms. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VOORBEELD VAN 'n INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP**

**JULIE BARGMANN ✓**

HOE DIE ONTWERPER/ONTWERP AGENTSKAP OMGEWING EN/OF VOLHOUBARE BEKOMMERNISSE AANSPREEK:

Julie Bargmann word internasionaal erken as 'n ontwerper wat besoedelde en industriële terreine in die VSA herwin wat erg aangetas is deur myne en die neerstorting van rommel. ✓ 'n Belangrike fokus is die behandeling van 'AMD' (suurmyndreinering) ✓ wat in strome en riviere spoel, en sodoende die suurvlakke verhoog en lewensvorming versmoor. ✓ Sy verken die kreatiewe potensiaal van hierdie gedegradeerde landskappe en verander hulle in regeneretiewe landskappe. ✓

Bargmann pas haar navorsing toe op haar klein ontwerp praktyk genaamd D.I.R.T. (Design Investigations Reclaiming Terrain/Dump it Right There). ✓ Sy ondersoek die uitwerking van huidige en industriële bedrywighede en stedelike prosesse op ekologiese stelsels en gemeenskappe en die verwantskap daarvan met opkomende tegnologieë. ✓ Bargmann stel spanne van argitekte, kunstenaars, ingenieurs, argeoloë en wetenskaplikes in diens om haar te help om die volgende landelike lewe, soos sluipmure en verlate steenkoolmyne te ondersoek. ✓
Bargmann leer 'critical site-seeing' ✓ wat daarop gemik is om die veelvuldige geskiedenis van 'n terrein te verken ten einde al die prosesse te verstaan wat tot die agteruitgang daarvan gelei het en om 'n plan vir 'n herlewing te beraam met die hulp van die gemeenskap en ekonomie. ✓ Sy poog om nie net die landskap te laat herleef nie, maar ook om nie te vergeet. Om 'n herinnering te gee aan wat op die terreine gebeur het. Sy wil weg beweeg van die algemene praktyk van die verlede se elemente van die terrein om dit onder groen heuwels of ontspanningsvelde soos gholfbane weg te steek. ✓ In haar eie woorde: 'Its like putting lipstick on a pig'. ✓ Sy beoog om nie net die landskap te laat herleef nie, maar ook nie te vergeet nie. Om 'n herinnering agter te laat wat op die terreine gebeur het. ✓

DIE TITEL EN 'n KORT BESKRYWING VAN EEN ONTWERP MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE MANIER WAAROP DIT OMGEWINGSKWESSIES AANSPREEK:

'TESTING THE WATERS': ✓

Bargmann het die terrein van 'n voormalige steenkoolmyn in Vintondale, Pennsylvania omskep in 'n 45 hektaar park vir suurmyndreinering en vir die gemeenskap. ✓ Bargmann het die uitleg van die park ontwerp deur die bestaande vorm van die landmassa in die vorm van 'n passiewe 'AMD' - (suurmyndreinering) – behandelingstelsel te maak. ✓ Dit is soos 'n reuse ekologiese wasmasjien. Sy het die publiek uitgenooi om die skoonmaak proses te sien. ✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Eerstens gaan die suurmyndreinering besoedelde water deur 'n reeks retensie bakke. ✓ Soos die besoedelde water oor die behandelingstuin verby vloei, verander die kleur van suuroranje tot ertjiegroen en dan uiteindelik tot alkaliese blougroen. ✓ Elkeen van hierdie kleure verandering is 'n simboliese en 'n fisiese verandering. ✓ Die skoonmaakproses word simbolies in die 'Litmus Garden' gewys. ✓ Die seisoenale kleure van die bas, blare en vrugte van die wisselende rye inheemse bome en struike verteenwoordig visueel die behandelings volgorde, van diep rooi en oranje na koeler kleure van groen en blou. ✓ Die vloedvlakke van die terrein word gerekonstrueer in 'n nuwe moeras en vlei waar water terug na die plaaslike rivier in 'n gesuiwerde toestand vloei. ✓

**Gee krediet aan enige geldige en redelike antwoord.** (14)

**[20]**

| **V6.1+6.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEID** | **GEWIG %** | **VRAE** | **PUNTE** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Kennis / Begrip | 30% | Deel van 6.1<br>Deel van 6.2 | 6 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | Deel van 6.1<br>Deel van 6.2 | 8 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | Deel van 6.1<br>Deel van 6.2 | 6 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com